# QPro Prestige Game Browser

V30622 (Wet 36 van 1947)

## Produkbeskrywing

QPro Prestige Game Browser is 'n hoëgehalte-, gebalanseerde voer vir wildspesies waar produksie en die uitgroei van wild belangrik is. Die produk is luserngebaseer wat smaaklik is. Prestige Game Browser is geformuleer om aan diere gevoer te word wat in bomas staan. Die kwaliteitproteïen is noodsaaklik vir die uitgroei van die dier en horinglengte. Prestige Game Browser is geformuleer om die beste grondstowwe in die regte verhoudings by mekaar te voeg. Die produk kan ook tydens voerskaarstes genoegsame proteïen, energie en spoorminerale voorsien. Die produk bevat geen ureum nie en is dus veilig om aan alle wildspesies te voer. Die pilgrootte is 8 mm om in alle behoeftes te voorsien. QPro Prestige Game Browser bevat biotien.

## Voeraanbeveling

Dit is belangrik dat diere stelselmatig aangepas moet word aan enige vorm van byvoeding. Begin deur minder produk aanvanklik uit te gooi en vermeerder dan oor 'n tweewekeperiode om die aanbevole innames te kry. Wanneer in bomas gevoer word, moet genoegsame langveselhooi beskikbaar wees. Gee genoeg kripspasie sodat diere nie mekaar beseer nie.

| Aanbevole innames | Tipe wildspesies | Voerinname |
|---|---|---|
| Kleinwildspesies | soeni, blouduiker, rooiduiker, klipspringer, gewone duiker, bosbok, springbok, rooibok, njala | 80-800 g |
| Mediumraamspesies | rooihartebees, swartwildebees, blouwildebees, koedoe, gemsbok, bastergemsbok | 1,2-2,8 kg |
| Grootraamspesies | eland, buffel, renoster, kameelperd | 3,5-6 kg |

Vir die **LIEFDE** vir jou

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid | Insluiting |
|---|---|---|
| Proteïen (min) | g/kg | 150 |
| Proteïen vanaf NPN (max) | % | 0% |
| Ureum (maks) | g/kg | 0 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Vet (min) | g/kg | 30 |
| Vesel (min/maks) | g/kg | 170 |
| Ca (min/maks) | g/kg | 20 |
| P (min) | g/kg | 5 |
| Cu (maks) | ppm | 22,5 ppm |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.*




## Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke of losmaat.

# DIERE